# "hy maak die kafhok groen" – aantekeninge by T.T. Cloete as ekoloog op rym

Fanie Olivier
Departement Afrikaans
Universiteit van Venda
THOHOYANDOU

**Abstract**

**"hy maak die kafhok groen" – notes on T.T. Cloete as an ecologist in rhyme**

*In his six volumes of poetry published up to now, T.T. Cloete reveals himself as an ecologist in rhyme. His investigation into the existence of man as part of a cosmological eco-system is founded in the belief that God created and still watches over a structured and interdependent universe. The poet employs the paradox and the technique of enumeration, and integrates ordinary and highly scientific language in poems which are deceptively simple as far as formal structure is concerned.*

## 1. Inleiding

Ekologie, hoewel reeds amper 130 jaar as wetenskaplike term in gebruik, het een van die groot modewoorde van die laaste kwart van hierdie eeu geword.

As wetenskap bemoei die ekologie sigself juis met hierdie samehang van dinge in en rondom die natuur waarvan ons 'n deel is, die "studie van diere en plante in hul verhoudings tot mekaar en tot hulle omgewing" (Ryke, 1978:1).

Die diere en plante waarvan daar hier sprake is, strek van 'n nietige onderdeeltjie, 'n mikro-organisme, tot by die mens. Vir die ekoloë manifesteer die verhouding waarvan daar sprake is sigself in 'n eindelose reeks ekosisteme; al die ekosisteme saam vorm die biosfeer,

> ... that portion of the earth in which ecosystems can operate – that is, the biologically inhabited soil, air, and water. The biosphere merges imperceptibly [that is, without sharp boundaries] into the lithosphere [...], the hydrosphere [...] and the atmosphere, the other major subdivisions of our earth spaceship (Odum, 1975:5).

Hierdie siening van die eenheid van die totaliteit, die samehang van die afsonderlike binne die geheel, is natuurlik voorveronderstelling binne die poësie. Vir die ernstige versleser is die klank-eenheid byvoorbeeld 'n mikro-organisme, die gedig 'n ekosisteem en die bundel of die oeuvre dan die biosfeer. Hiermee wil hierdie artikel hom egter nie besig hou nie.

Wat wel ter sake sou kon kom, is die ooglopende sintetiese vermoë van die kunstenaar, iets waaroor H.J. Schutte in sy artikel oor Cloete se eerste twee bundels, "'n Poëtika van korrespondensies: *Angelliera* en *Jukstaposisie*", nogal verhelderend skryf (Schutte, 1984:93-5).

## 2. T.T. Cloete as verkenner van die natuur

Hoewel nie oorheersend nie, is dit duidelik dat Cloete as laat debutant vroeg reeds 'n verkenner van die natuur is. In sy artikel "U troetelvissie T.T. Cloete" (Nienaber, 1984) wys C.J.M. Nienaber byvoorbeeld op die rol van die diereryk in die vroeë bundels van T.T. Cloete.

Belangrik vir Nienaber is nie net die tematiese aanwesigheid van diere nie, maar die rol wat die diere vervul vir soverre dit die digter se kosmiese siening aangaan.

> Juis dit is een van die opvallendste kenmerke van die poësie van Cloete: dat hy selfs die nietigste onderdeeltjie van die heelal steeds in 'n grootse samehang waarneem (Nienaber, 1984:64).

Teen die agtergrond van hierdie uitspraak word dit duidelik dat Cloete nie soseer net of optekenaar van die natuur is nie, maar uitbeelder word van die natuur as 'n geïntegreerde deel van 'n groter opset. In sekere opsigte is hy inderdaad ons eerste eietydse Groene.

Dit is egter belangrik om te onthou dat die ekoloog nie oor die natuurverskynsels sonder meer besorgd is nie, maar veral oor die samehang van hierdie verskynsels. Balans, teëwigte, wisselwerking is skering en inslag van die ekologiese ondersoek.

In die gedig "Blydskap" uit *Jukstaposisie* (108) word 'n messelaar aan die werk vir die spreker 'n openbaring:

> ... Skielik begin
> in my die dinge die een
> na die ander
> hulle liefderik bedrywig besin
> op mekaar. Die steen
> voel op hom die koggelmander

loop. Vir die son
blits die troffel. Die wind stuit
fladderend teen die blaar.
Groot droom iets ontasbaars in 'n kokon
klein 'n konkrete mot. Die ruit
laat die wolk in hom vaar.
(*Jukstaposisie*: 108)

Natuurlik is hier geen ekologiese verkenning as sodanig aan die orde nie, maar terselfdertyd bied dit die sleutel tot die aard van die verkenning: die dinge wat hulle "bedrywig besin op mekaar" en die feit dat die mens en menslike bedrywighede nie los te maak is van die samehang waarvan die ekoloog hom terdeë bewus wil hou nie.

Dis teen hierdie agtergrond dat die gedig verder loop

van die hardste steen en die dofste hout
op die presiese plek en die presiese uur
van elke vlerk en elke gewig
word behoudende sout
word suurdeeg wat deursuur
en verlig.

## 3. Verwoording van die onoorsigtelike

Vir Cloete, soos vir die ekoloog, is die biosfeer en die groter kosmos 'n geïntegreerde en gestruktureerde opset. Vanuit sy debuutbundel word dit egter ook duidelik dat Cloete hierdie sisteem geanker sien binne die Raadsplan van God, 'n plan wat die gelowige om hom voltrek sien. Hieroor bely die spreker in "Ywer" (*Jukstaposisie*: 93) waarin hierdie proses nie alleen voltrek word nie, maar waarbinne die digterspreker dit verwonderd kan waarneem:

glanskewers en struike met bessies
en bye en vlinders en suikerkelkies

voëls en saadgrasse
en vrugdraende gewasse

verwonderd regop
sit ek en hou dop

hoe in 'n klein bestek
God Hom ywerig voltrek.

Teenoor die klein bestek van hierdie vers kom staan daar 'n paar bundels later dié besef: "die onoorsigtelike is chaos" en "in die leemtes ontsnap/ Iets Groots alle taal en wetenskap" (*Driepas*: 145).

Deur die verskuns van Cloete loop daar egter 'n stroom waarin die digter juis probeer om deur taal en wetenskap hierdie "Iets Groots" vas te vang, die onoorsigtelike te probeer verwoord, in verband te bring, en daardeur dit tot herkenbare en hanteerbare sisteem te herlei.

Dit beteken egter nie dat die wonder verdwyn nie, maar eerder die teenoorgestelde: dat die intieme samehang van die "chaos" telkens 'n verrassende en verstommende ontdekking word. Die hierbogenoemde "duimelaars" is daarvan 'n voorbeeld; omvangryker en indrukwekkend geskied dit (ten spyte van die feitlik deurlopende paarrym) in "Entelegie" in *Met die aarde praat* waar Cloete sy gedig nederig begin: "Ek kan maar hier en daar/ kyk en luister na 'n eksempele eksemplaar" (*Met die aarde praat*: 52).

## 4. Cloete se teologiese verankerdheid

Cloete se teologiese en religieuse verankerdheid vorm skering en inslag van sy beskouings oor en rondom die wêreld wat ons woning is. Dis teen hierdie agtergrond dat 'n mens byvoorbeeld die spesifieke verwysings na mossies (onbenullig teen twee vir 'n stuiwer) in *Angelliera* moet lees. Vir hulle is "alles [...] heel/ in hulle heelal": "niks skeel/ hulle nie" en alles is "luidrugtig voorsien" ("Van mossies", *Angelliera*: 59).

Die mossies word in 'n vroeëre vers in die bundel, "Van mossies en meer" (*Angelliera*: 5), oënskynlik die laagste in die rangorde van die natuur. Maar deur die mossie sien die mens verband en samehang, en word hy self as singende verskynsel deel van hierdie lofsang op die totaliteit:

> van muis en slang
>
> triceratops en virus
> Here sing ons luid
> hul lewe U
> simfanies uit.

Die neologisme "simfanies" is juis ook deel van hierdie proses van verwondering. Die bekende *simfonie* (reeds 'n begrip vir die samehang of saamklink van verskillende onderdele binne 'n geheel) word verbind met die onbekende Griekse stam *-phanes* wat in sy gebruik dui op 'n ooreenkoms met 'n spesifieke materiële fenomeen.

Deur al hierdie verskynsels, dus, kry die Here van die gedig letterlik gestalte in die natuur waarna die gedig verwys, word ons sy beeld. En juis hierin lê die verantwoordelikheid van die mens as bewuste onderdeel daarvan dan opgesluit.

In "prospekteer" (*Driepas*: 151) word immers gestel:

> Hy die Here
> is gekamoefleer, gediversifieer,
> oneindig eindeloos meer
> mega- as enkelvoudig geformuleer

## 5. Die intieme samehang van dinge

Die letterlike betekenis van God in die skepping waarvan die mens deel is, word 'n deurlopende verkenning in die werk van Cloete. Die goddelike ordening moet noodwendig uitloop op 'n verbintenis van alle dinge, en is daarom dit waarin die ekosisteem vir die digter opgesluit lê.

In die gedig "Ek durf vra" uit *Met die aarde praat* (selfs die bundeltitel maak die aarde gewoon deelgenoot) verklaar die digter hoekom hy bly wonder hoe God lyk, want die aanskyn is orals om hom en

> begryp ek U loer uit
> in openbaringe in so 'n uitdyende veelvoud,
> so ingewikkeld en naaldekokerooggeruit,
> skopies van klein na groot, vreemd maar ook vertroud.
> (*Met die aarde praat*: 31)

In die bundel *Driepas* word hierdie besef herhaaldelik verwoord. "God is oor die sorgsame besonderheid besonder/begaan/ God is die God van die wonder" lees ons in "onderhoud" (*Driepas*: 85) en hy is die "ingenieuse ingenieur in die wolk" wat oor ons "albasterblou waterplaneet" (*Driepas*: 150) waak.

Die vervlegte en sistematiese skeppingsproses kom aan die bod in die gedig "kleinduimpieswerk", ook uit *Driepas*, waar die skynbare onbenulligheid van die werk paradoksaal kontrasteer met die presisie en omvangrykheid van wat daardie werk eintlik is. Die jukstaposisie *onbenullig-groots* is sonder twyfel een van die belangrikste kenmerke van daardie gedigte waarin Cloete die samehang van die skepping probeer berym.

In hierdie vers word dit duidelik dat die digter in sy gesprek oor die intieme samehang van dinge nie wegskram van die wetenskap nie, maar dit juis gebruik om sy betoog groter krag te gee:

delikaat
is Sy korrelwerk
met die fyn patrone in die groot graniet

in die breuk en spleet en kleur van die spaat,
lidiffraksie op die skoenlappervlerk
se skubbe, matematiese naalde van die silikondioksied,

die kriesel stuifmeel – elke soort met sy eie eksine
apart georden soos 'n duimdruk
[en dié self] – en elke vitamine

wat met sy eie persiese tapytfigure
die oog deur die elektronmikroskoop verruk
en atome se kettingstrukture

en tresse,
die onmeetbaar fyn foton, presiese kantwerk in sesse,
van die sneeuvlok, op naaldekokervleuels die fragiele buisare,

baardjies van die vlag van 'n voëlveer,
kleurstofkorreltjies in die skors van my hare,
'n megatonster se blink roet
tot in my been se kalsium, my ink se houtskool gefiltreer
en tot in die yster van my bloed

alleen hy wat galaktikas kan formeer
kan vanaf die diluviale kristal
tot by die kwasars poeierfyn kriesel

(*Driepas*: 146)

## 6. Die poësie as onderdeel van die ekosisteem

Soos in baie ander gedigte van die ekoloog op rym, maak die digter ook in hierdie gedig oorvloedig gebruik van die enumerasietegniek: hoe anders omvat 'n mens binne die bestek van 'n paar reëls 'n hele kosmiese sisteem?

Die uiterlike versversorging sluit aan by die ordelikheid (en die deurbreking daarvan) van die sisteem waarbinne die digter as mens hom bevind. Die strofebou is tersinies, maar ongelyk ten opsigte van rymskema en verslengtes; die sesde strofe vernietig dié patroon, net om dit dan weer te herhaal in die slotstrofe. Die rymskema is ongebonde maar duidelik, en geen enkele reël staan afgeskei en losgemaak van die ander nie.

Die natuur, sal elke ekoloog vertel, rym.

Hierdie uitspraak sluit direk aan by 'n vroeëre afdeling in *Driepas*, "God is digter". In die gedig met dieselfde titel brei Cloete uit op Neruda se bekende uitspraak dat Chile deur 'n digter gemaak is:

> daar is meer poësie in die sneeuvlokkie
> as in die letterkunde en baie meer poësie
> in die miskruier in die toktokkie
> in die meteorologie en die entomologie
> in die moremis en in die bergpiek
> die horison wat in die hemel wegraak
> in die rooswolk is daar baie meer liriek
> die aarde is deur 'n digter gemaak
> (*Driepas*: 49)

Met hierdie byroep van God as 'n digter word die verband deurgetrek na hoekom die digter dan juis ekoloog in die volste sin van die woord moet wees. Die poësie word dan self deel van die groter ekosisteem waardeur God geken en verheerlik moet word: "op my werf tel/ ek die juwelekissie se sterre oor in gedigte" ("Droomhuppel 2", *Driepas*: 178).

Die ekosisteem is in sy sistematiek 'n juwelekissie, iets skoons en kosbaars, makromooi ten spyte van die vernietiging wat daarvan 'n integrale deel is. Cloete vind daarin 'n "objective correlative" (*Allotroop*: 65):

> Die Australiese bloekom
> suig soet sap
> uit die son. Die sonbesie tap
> die soet sap
> uit die bloekom.
> Sy lê haar eiers in die grond
> om die wortels se sap.
> Die papie kom
> uit en die miere dans rond.
> Hulle vreet hom.
> Die miervreter vreet
> weer die mier.
> Een mikrosiklus is wreed
> en sistematies beplan voltooi
> in die makromooi
> se lusverteerplesier.

## 7. Die mens as deel van die ekosisteem

Ook die mens is deel van hierdie makromooi-bestaan, in sy klein hoekie betrek by 'n verskeidenheid mikrosiklusse waardeur die aarde sy gang gaan: eet, voortplant en sterf sodat 'n volgende soortgelyke proses hom kan herhaal.

In veral *Met die aarde praat* word hierdie gedagte in 'n aantal gedigte verder bekyk en gestalte gegee.

In "Eters 2" plaas die digter hierdie proses binne ekologiese perspektief: "is alles wys en fyn beplan,/ en daar is die plan van die slagtand". Soos alle ekoloë weet hy "plant en dier en die aarde self moor" (*Met die aarde praat*: 73).

Teenoor hierdie siening van die verterende orde, staan daar die vertederende wat die digter in die ekosisteme van woestyne (*Idiolek*: 95) aantref:

> Syne
> is die wysheid van woestyne
> die ronde hard gesplete klip is
> 'n nakende moeder vir die sagte akkedis
>
> die stom draaisaad
> wat met die wind se bystand
> 'n groeiplek boor in die sand
> is wyser as dié wat praat
>
> die veerligte voëltjie sit dun wind-op
> stewig met sy skerp kardoeslyfie en kop
>
> die dorstige plant gaan liefderyk teenaan
> die klip met die vogtige maag staan
>
> die welwitschia
> is vir die rasende insek
> met die angeltong in sy bek
> 'n oop lus vulva
>
> dit is wysheid
> sonder oumansbaard en stywe grysheid

## 8. Die mens se rol en verantwoordelikheid binne die ekosisteem

Die groot vraag bly egter hoe die mens, 'n relatiewe laatkomeling, in hierdie proses inskakel. Is hy inderdaad net nog 'n deel van die sisteem, of het hy 'n ander verantwoordehkheid vir sy dade?

Is die woestyne wat die mens geskep het ook deel van so 'n groter skeppingswerklikheid waarbinne die mens self net 'n geringe insek, passief 'n deel van die werklikheid is? In "onderhoud" (*Driepas*: 85) lees ons immers

> Groot dele van die aarde met sy stede
> lê in woestyne ellende uitgestrek
> en prut in gebede –
> droë land, agterbuurt, krot ...

In "dief" lyk dit amper asof die digter wel meen dat die posisie van die mens ietwat anders is:

> die groentjie hoogsaanpasbaar
> die laatkomer
> wat op die see oor land en in die hemel vaar
> die immigrant tot by die boomgrens en verder
> taaier as die barste winter en warmste somer
> temmer van elke habitat
> het die muskusbees van die antieke herder
> in die antieke landskap van die toendra weggevat.
> (*Driepas*: 63)

Een van die skrynendste verse wat hierdie debat verder voer, is "Broei" met sy voorstelling van die mens se meedoënlose broeiproses, "die sweterige broei/ teen onstuitbaar in die biosfeer" (*Met die aarde praat*: 1).

Dit is juis hierdie "onstuitbaar" wat die vraag oor die mens se rol binne die ekosisteem vandag domineer. In die gedig brei Cloete die begrip "broei" verder uit om ook die denkprosesse van die mens as spesie te omvat, prosesse waardeur hy afstuur op 'n vernietiging van een of ander aard.

In "boerdery" (*Driepas*: 62) het Cloete dit soos volg verwoord:

> die bome is keel-af gesny
> op die wind is stik gestrooi
> die riviere is weggery
> die hase het die rooi
>
> bult oorgery die suurstof is verskuif
> die klippe is uitgeroei
> die savannes is met pulwer bestuif
> die aalwyne het hulle doodgebloei
>
> stootskraper met die ronde maag
> loop die landbou- en stadsargitekte

en hulle kroos die dood behaag
hom aan die groot vrekte

Dit is binne hierdie debat oor die mens se rol in en aandeel aan wat duidelik omgewingsverarming is, waar die ekoloog hom bevind. As wetenskapper is hy bewus dat dood en vernietiging onafwendbaar is. Met of sonder die mens se toedoen is die aarde ook sterflik: "nóg nie ons nie/ tot dusver nog nie ons nie/ nie óns nie", lees ons in "Planete" (*Idiolek*: 107).

In een van die mooiste gedigte in *Driepas*, "Finitiewe aarde", teken die digter juis die aarde in sy verganklikheid: ons son "is sy kloppende stuiptrekking" en daar "bestaan geen voorwaarde" dat die aarde later gesien sal word nie, sal dit miskien selfs "vir die frats verkrummel". Onder sulke omstandighede is daar "sin in die totnietgaan" (*Driepas*: 178).

## 9. Die kosbaarheid van ons planeet

Terselfdertyd pleit die digter egter in "grow up or blow up" (*Idiolek*: 106): as daar nie nog 'n planeet soos ons s'n is nie "sal dit dan solank asb. bewaar/ word as onvervangbaar kosbaar?"

Die onvervangbare kosbaarheid van die geheel waarbinne ons leef, die wonder daarvan om dit te kan sien en beleef, kom telkens, in elke bundel van hierdie digter, na vore.

Maar as die mens weet die aarde is sterflik, verleen dit nie 'n ander perspektief aan die gesprek oor en rondom die ekologie nie? Is die 'vernietiging' waaraan ons ons skuldig maak, nie juis deel van die proses waarmee die kosmiese gang hom voltrek nie?

Die gedig "beplanning" uit *Idiolek* (108) wil iets van hierdie aard suggereer in die slotstrofe:

aarde en mens het Hy oorgelaat
aan 'n geheue na grys tye weer getrou
gaan kyk hoe hulle sonder raad
soms reg bak soms perfek brou

Wat is hierdie "geheue" en hoe lyk die plan? Is die gewaande ekologiese vernietiging, die brouwerk van die mens, nie perfek deel van 'n ontvouing van 'n groter plan waardeur die mens self van sy toendra gaan verdwyn nie?

Hoe weet ons, ten slotte, wat die werklike betekenis en doel van "die groot roteer" ("naturalis", *Driepas*: 57) dan eintlik is? Al wat ons weet, die bietjie, is dat alles letterlik ten gronde sal gaan "binne 'n bestendige veranderlike Naam".

Maar die skoonheid wat die mens omring en sy verknogtheid, sy verbondenheid met die biosfeer waarvan hy deel is, en waaroor hy juis as denkende verantwoordelikheid moet aanvaar, is so oorheersend in die verskuns van T.T. Cloete dat so 'n siniese slotsom die digter te na sal kom. Ons is, uiteindelik, die inventaris van alles wat ons omring en waarbinne en waardeur ons bestaan moontlik is.

Reeds in "Ons is" uit *Jukstaposisie* het dit duidelik geword. Hoewel ons dit kan registreer (dus meer is as die mossies), is die mens terselfdertyd onlosmaaklik deel van hierdie sisteem, en as nadenker, optekenaar, sekretaris, ironies genoeg niks meer nie as "sy inventaris" self:

**Ons is**

Ons menigvuldige temperamente
is gemaak van plante en kliprante
ons herken ons in al die variante
van winterweer en lente.

Ons kan in die gekartelde slaaiblaar
die krakende wind
eet, soet ingebind
en rond gekorrel bedaar

kan ons die reën met die weerlig
in 'n druiwetros
eet, gekos
in 'n tamatie eet ons vuur, verdig

eet ons die son
gíbeon in 'n geelsperske
en van die lekkerste
appelkose maanlig ajalon

ons dra die plant en die grond
ons dra die water ons totale
habitat se minerale
in ons eufories rond

ons distilleer vir ons transparante verdriet
daaruit en vreugde, allerlei
wat ons walg of vlei,
uit wat ons verafsku of geniet

smak ons taal. Ons slaan
van beweende heftige blydskap
op die aarde neer, op hom stap
ons duiselig, loer in die uiterste bestaan

diep van hom af pylend in, ons is
lyf en siel
van skedel tot hiel
sy inventaris ...

hy maak ons gereed om versadig
uiteindelik te gronde te gaan, te verweer
na die eerste vyf dae terug te keer
van voor af aan doodgewillig.

(*Jukstaposisie*: 106)

## Bronnelys


Cloete, T.T. 1980. *Angelliera.* Kaapstad : Tafelberg.

Cloete, T.T. 1982. *Jukstaposisie.* Kaapstad : Tafelberg.

Cloete, T.T. 1985. *Allotroop.* Kaapstad : Tafelberg.

Cloete, T.T. 1986. *Idiolek.* Kaapstad : Tafelberg.

Cloete, T.T. 1989. *Driepas.* Kaapstad : Tafelberg.

Cloete, T.T. 1992. *Met die aarde praat.* Kaapstad : Tafelberg.

Nienaber, C.J.M. 1984. U troetelvissie T.T. Cloete. In: Viljoen, Hein, Gräbe, Ina, Jooste, Ena & Steenberg, Dawie (reds.) *In teen die groot vergeet.* Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO. p. 64-78.

Odum, Eugene P. 1975. *Ecology: The Link between the Natural and the Social Sciences.* London : Holt, Rinehart and Winston.

Ryke, P.A.J. 1978. *Ekologie beginsels en toepassings.* Durban : Butterworth.

Schutte, H.J. 1984. 'n Poëtika van korrespondensies: *Angelliera* en *Jukstaposie.* In: Viljoen, Hein, Gräbe, Ina, Jooste, Ena & Steenberg, Dawie (reds.). *In teen die groot vergeet.* Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO. p. 93-107.